GEREFORMEERDE KERK CACHET

*Naam en van:*_____

UITREIKE:
SENDING EN EVANGELISASIE

Inhoudsopgawe

1. Vooraf

2. Uitreik? Hoekom?

3. Die Gereformeerde belydenis as Christelike leer

4. Die Evangelie in 'n neutedop *(ds. Ronald Bain)*

VOORAF

Doel

Hierdie boekie kan spesifiek dien as 'n bondige “opleidingskursus” van die Gereformeerde leer, voor die aanpak van 'n uitreik of ander sendingsaksies. Hierdie kursus poog om:

- Vrae wat dalk vooraf in die leser se gedagtes opgekom het, te beantwoord; vrae soos: *“Hoekom sou ek op hierdie of daardie uitreik gaan? Wat is sending regtig? Wat is veronderstel om op 'n uitreik te gebeur?”*

- Die Apostoliese Geloofsbelydenis te *verstaan*. Die Geloofsbelydenis word van begin tot end, reel vir reel behandel in 'n vraag-antwoord formaat.

- Praktiese riglyne te bied, wat die uitreiker kan raadpleeg tydens die uitreik.

Uiteindelik sou 'n mens dan hierdie boekie as ‘n opleidingskursus kan gebruik, maar ook as hulp en riglyn op sendingsaksies.

Verwysings

Elke vraag is genommer om verwysings te vergemaklik:

14. Wat is die aard van Christus se koninkryk?

Die antwoord op die spesifieke vraag volg direk, met 'n pyltjie:

➢ Dit is ‘n geestelike koninkryk, wat in die Gees van God en in sy Woord vervat is en geregtigheid en die lewe te weeg bring.

Vrae wat gereeld gevra word, asook ekstra kommentaar, volg met 'n kolpunt:

❖ Die koninkryk van God wat in Christus gekom het, is ‘n werklikheid wat gesoek moet word. Die koninkryk van God is iets wat kom tot mense, maar die koninkryk van God is ook iets waartoe mense kom en kan ingaan. Hierdie ryk word ook aan mense gegee, maar kan ook weggeneem word

Teksverse met betrekking tot die vraag word meestal gelys en is aangedui met 'n regmerk :

✓ Vir vrae aangaandie die koninkryk van Christus, verwys o.a. na: Matt 5:20; 12:28; 21:43; Mark 9:47; Luk 11:20; 12:32

UITREIK? HOEKOM?

1. Wat is 'n uitreik?

Wat is 'n uitreik? Ons lees of hoor gereeld van mense wat op een of ander uitreik gegaan het. Ons lees verslae en stories van al die dinge wat hulle op vêrafgeleë plekke aangepak het. Maar, wat is 'n uitreik werklik? Eerstens, soos ons later sal sien, moet ons noem dat 'n uitreik nie noodwendig beteken om oorsee, of oor die landsgrense te gaan nie. As ons nie die term "sending" in ons definisie vir 'n uitreik vind nie, is ons besig met niks anders as 'n welsynsprojek nie.

2. Is sending regtig Bybels, of is dit iets wat die kerk ingestel het?

Die feit dat ons die Bybel deur die eeue, tot vandag toe, kon besit, wys reeds iets van God se karakter rakende sending. God is 'n God wat 'n verhouding met die kroon van Sy skepping (die mens) wil hê. Ons kan dit beter verduidelik met Genesis 3:9: "Toe roep die HERE God na die mens en sê vir hom: *Waar is jy?" - God soek Adam op*. God weet presies waar Adam is, maar hy verlang na 'n gesprek, 'n antwoord – sy belydenis. Die Bybel is tog niks anders as God se openbaring aan ons nie (Nederlandse Geloofsbelydenis Art 7). As iemand iets van homself openbaar, het hy net een doel voor oë – hy wil iets van homself aan die ander persoon bekend maak, sodat hy beter geken kan word. Die feit dat ons die Bybel vandag in ons hande kan vashou, wys duidelik vir ons, dat sending nie iets is wat die kerk opgemaak of ingestel het nie, maar dit is *die openbaring van God aan ons.*

Ons soek gereeld na 'n klomp teksverse om die rede vir sending te motiveer. Maar, in werklikheid is dit nie nodig nie, want die Bybel is in geheel 'n sending-georiënteerde Boek. Kom ons verduidelik dit so: Ons het die idée, die konsep, wat regdeur die Bybel vervat word ''n naam (*sending, evangelisasie*) gegee. Let goed op - ons mag nie sending en Christenskap as twee aparte dinge verstaan nie. Ons kan dit soos volg opsom - *Die term "Christen" bevat die verantwoordelikheid van sending.*

Wanneer daar in die algemeen gedink word aan 'n missie, is die eerste gedagte dat daar iemand is wat die missie aan die gang gesit het. Hy is die begin, die inisiatief, die oorsaak van die missie. Net so is dit ook die geval met die missie/sendingsopdrag van God. God is die oorsprong, die inisiatief en die oorsaak van Sy eie missie. Anders as enige aardse missies, bestaan God se groot opdrag totdat Christus weer kom. Die sendingsopdrag van God is nie iets wat deur elke Christen begin word nie, maar dit is 'n lewe wat hy in die Heilige Gees vir homself deur die werk van Christus toeëien. Soos met aardse koninkryke, kry 'n mens by God se koninkryk ook die gedagte van 'n terrein, 'n gebied waaroor God Sy almag beoefen en waarin Sy wette te alle tye geld. So kan ons sien, dat sending nie 'n missie *oor* God is nie, maar die missie *van* God – Hy stuur, die dienskneg (ek en jy) gehoorsaam.

3. Strategie. Waar begin ons?

Sending is ’n bewuste besluit (let wel, hiermee sê ons nie die uitverkiesing en jou saligheid is jou besluit nie, maar die *manier* hoe ek en jy leef – dit is ‘n besluit wat ons elke dag bewustelik moet maak). Met ander woorde, sending is om te besluit om in ooreenstemming met God se opdrag te staan, juis omdat ons deur Hom verlos is. Iets wat ons baie goed moet vashou:

Sending begin nie by dit wat jy sê nie. Dit begin by wat jy dink, wat jy doen en hoe jy optree teenoor ander. Sending lê in die herhaalde kruisiging van die ou mens en opstanding van die nuwe mens in Christus Jesus.

Noudat ons dit gesê het, kan ons uitbrei en noem dat sending nie noodwendig direk ’n grootskaalse projek is wat begin moet word nie. Handelinge 1:1-12 maak dit baie duidelik. Vers 12: “...maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom en julle sal my getuies wees in *Jerusalem* sowel as in die hele *Judea* en *Samaria* en tot aan die uiterste van die aarde. Hieruit sien ons dat die apostels eers getuig het in Jerusalem, met ander woorde, hier en nou – jou direkte omgewing. Tweedens sê Christus dat hulle in die hele Judea sal getuig. Judea is die omliggende gebied. Die volgende landstreek wat Jesus noem is die aangrensende Samaria. Soos ons weet, was die Jode nie op goeie voet met die Samaritane nie. En laastens noem hy die *uiterstes van die aarde*. Hierin wys Christus ook die gesindheid van die wat Sy opdrag gehoorsaam – dat die Jode bereid was om die evangelie aan die Samaritane en ander heidene te verkondig, selfs al was hulle “aardsvyande”.

4. Opsommend

’n Uitreik is *sending* – niks meer nie, niks minder nie. Ons moet wegbeweeg van die gemaklike idee dat sending ’n onderafdeling van die kerk is. Met ander woorde, dat sekere lidmate uitgesonder word om hulself spesifiek op sendingwerk te fokus. God se sendingsopdrag word nie beperk tot sekere individue nie. Sy opdrag geld vir elkeen van ons, in elke situasie. As ons onsself Christene noem, erken ons daarmee saam ons verantwoordelikheid om onsself, en ander, te bemagtig om aktief deel te word van Sy sendingsopdrag.

Ons maak deel uit van die wêreldwye liggaam van Christus. Daarom dien elke uitreikprojek as hulp vir die reeds gevestigde gemeentes. Ons as plaaslike gemeente (Cachet, ensovoorts), reik uit na ’n ander gemeente (byvoorbeeld GK Sandveld) – ons funksioneer saam as een liggaam. As daar nie gevestigde gemeentes bestaan nie, is dit noodsaaklik dat die nodige stappe geneem word, om die gemeenskap te bemagtig om ’n gemeente te stig. Verder, moet ons uitreik volhoubaar wees. Dit beteken, die werk wat ons daar gaan doen, is nie ’n eenmalige, kortstondige emosionele oplewing nie. *Dit is om Christus te volg in die bemoediging, versterking en toerusting in die kennis van ons Hemelse Vader by ander.*

-o0o-

DIE GEREFORMEERDE BELYDENIS AS CHRISTELIKE LEER

Die Apostoliese Geloofsbelydenis gaan in diepte behandel word, om 'n wyer kennis van die Gereformeerde, meer nog, die Christelike leer te verkry. [2]

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde.	bl. 8-9
En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;	bl. 9-10
Wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria;	bl. 10-11
Wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is.	bl. 11
En neergedaal het na die hel;	bl. 12
Wat op die derde dag opgestaan het uit die dood;	bl. 12
Opgevaar het na die hemel	bl.12
En sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,	bl. 13
Waarvandaan Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel,	bl. 13
Ek glo in die Heilige Gees;	bl. 13-14
Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk,	bl. 14
Die gemeenskap van die heiliges;	bl. 14
Die vergewing van sondes;	bl. 15
Die opstanding van die liggaam	bl. 15-16
En 'n ewige lewe	bl. 16

<u>Vooraf, kortliks 'n paar vrae oor die wese en aard van God:</u>

1. Wat is die belangrikste doel van die mens se lewe?
➢ Om God deur wie die mens geskape is te leer ken.

2. Wat is ware en egte kennis van God?
➢ Dit is wanneer Hy so geken word dat die eer wat aan Hom verskuldig is, aan Hom betoon word.

3. Aangesien daar maar net een God bestaan, waarom noem ons drie, naamlik Vader, Seun en Heilige Gees?
➢ Omdat ons 'n Drie-Enige God bely, wat in een wese drie Persone is, naamlik (1) God die Vader as die beginsel en oorsprong en eerste oorsaak van alle dinge; (2) en daarop ook die Seun wat sy ewige Beeld en Wysheid is, (3) en ten laaste ook die Heilige Gees as sy krag wat deur alle dinge versprei is maar tog ewig in Hom gevestig is.

❖ Die konsep van die Drie-Eenheid, naamlik een Wese, tog drie Persone, kan dalk beter verstaan word met hierdie driehoek:



God is die Alfa en die Omega. (kloksgewys): PATER non est FILIUS = Die Vader is nie die Seun nie. FILIUS non est SPIRITUS = Die Seun is nie die Heilige Gees nie. SPIRITUS non est PATER = die Heilige Gees is nie die Vader nie. Al drie (Pater, Filius en Spiritus), word in die middel verbind met *est DEUS*, wat beteken al drie Persone = God.

✓ Vir vrae aangaande die Drie-Eenheid, verwys o.a. na: Gen 1:26; Matt 3:16, 17; 1 Kor 1:24; Joh 1:14

en:

❖ Die Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 8 kan as opsomming dien:
Ons glo volgens hierdie waarheid en hierdie Woord van God in 'n enige God, een enige Wese, in wie drie Persone is, naamlik die Vader en die Seun en die Heilige Gees, wat in werklikheid en in waarheid en van ewigheid af onderskeie is volgens die eienskappe wat Hulle nie met mekaar deel nie.

1) Die Vader is die oorsaak, oorsprong en begin van alle sigbare en onsigbare dinge.
2) Die Seun is die Woord, die Wysheid en die Beeld van die Vader.
3) Die HeiligeGees is die ewige Krag en Mag wat van die Vader en die Seun uigaan.

Nogtans volg uit hierdie onderskeiding nie dat God in drie gedeel is nie, aangesien die HeiligeSkrif ons leer dat die Vader en die Seun en die Heilige Gees elkeen sy eie selfstandigheid het, deur sy eienskappe op so "n wyse onderskei dat hierdie drie Persone slegs een enige God is.

Dit is dus duidelik dat die Vader nie die Seun en die Seun nie die Vader is nie; eweneens dat die Heilige Gees nie die Vader en ook nie die Seun is nie. Nogtans is hierdie Persone, wat so onderskeie is, nie gedeel nie en ook nie onderling vermeng nie. Want die Vader en die Heilige Gees het nie vlees aangeneem nie, maar slegs die Seun. Die Vader was nooit sonder sy Seun of sy Heilige Gees nie, want al drie is van gelyke ewigheid in een en dieselfde Wese. Daar is nie 'n eerste of 'n laaste nie, want al drie is een in waarheid, mag, goedheid en barmhartigheid.

<u>Ek glo in God, die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde</u>

4. Waarom noem jy Hom Vader?

➢ Met my oë in die eerste plek gerig op Christus wat sy Wysheid is en voor alle tye deur Hom voortgebring en na hierdie wêreld gestuur en as sy Seun geopenbaar is. Tog lei ons hieruit af dat Hy ook ons Vader is aangesien God Jesus Christus se Vader is.

5. In watter betekenis skryf ons die benaming Almagtige aan Hom toe?

➢ Nie in die sin dat Hy mag op so 'n wyse besit dat hy dit nie beoefen nie; maar dat Hy alles in sy mag en in sy hande het; dat Hy die wêreld deur sy voorsienigheid bestier en alles na sy goeddunke orden en al sy skepsele na sy behae regeer.

6. Waarom voeg ons "Skepper van die hemel en die aarde" in ons geloofsbelydenis?

➢ Omdat Hy hom deur sy werke aan ons openbaar en ook daarin moet ons Hom soek. Want ons verstand kan sy wese nie begryp nie. Die wêreld is daarom soos 'n spieël waarin ons Hom kan bemerk in soverre as wat dit vir ons van belang is om Hom te leer ken.

❖ Tydens 'n uitreik by persone wat nog glad nie gehoor het van die Besondere Openbaring (Bybel) nie, is hierdie gewoonlik 'n baie goeie aanknopingspunt, aangesien die natuur iets is wat elkeen van ons elke dag beleef, en dit genoeg voorbeelde van 'n Skepper bevat.

✓ Vir vrae aangaande die Algemene Openbaring (skepping), verwys o.a. na:
Gen 1,2; Hand 4:24; Ps 33:6 en Heidelbergse Kategismus Sondag 9 en Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 2

7. Wat sal ons opvatting in verband met goddelose mense en duiwels wees? Sal ons dan sê dat hulle ook aan Hom onderworpe is?

- Hoewel Hy hulle nie met sy Gees bestuur nie, beheer Hy hulle tog met sy mag soos met ‘n toom, sodat hulle selfs nie eers kan roer as Hy hulle nie toelaat om dit te doen nie. Ja, Hy maak hulle selfs knegte van sy wil, sodat hulle selfs teen hulle wil en besluit gedwing word om sy behae te gehoorsaam.

<u>...en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here</u>

8. Wat sluit bogenoemde, in besonder, in?
- Dat die Seun van God ons Verlosser is en terselfdertyd verduidelik dit die wyse waarop Hy ons van die sondes verlos en vir ons die lewe verkry het.

9. Wat bedoel ons met die benaming *Jesus*?
- Daarmee bedoel ons dit wat die woord Verlosser (Soteros) vir die Grieke beteken het. Die woord Verlosser (Salvator) is algemeen aanvaar. Verder het ‘n engel op bevel van God self hierdie naam aan die Seun van God gegee.

10. Wat is verder die betekenis van die woord *Christus*?
- Met hierdie benaming word selfs nog beter uitdrukking gegee aan sy amp. Want dit dui aan dat Hy deur die Vader gesalf is tot Koning, Priester en Profeet.

11. Ons noem dat Hy gesalf is as Koning. Wat is die aard van sy koninkryk?
- Dit is ‘n geestelike koninkryk, wat in die Gees van God en in sy Woord vervat is en geregtigheid en die lewe te weeg bring.

12. En wat van sy priesterskap?
- Dit is sy amp en voorreg om voor die aangesig van God te staan om genade te verkry en deur ‘n offer te bring wat vir die Vader goed is, sy toorn te versoen.

13. Wat bedoel ons as ons sê Hy is die Profeet?
- Want toe Hy na die wêreld neergedaal het, het Hy Homself as gesant en middelaar an die Vader geopenbaar. Die doel daarvan was om die wil van die Vader ten volle te verduidelik en ‘n einde aan al die openbaring en die profete te maak.

    - Dit is baie belangrik om Christus se verlossingswerk in die vorm van sy koning-, priester- en profeetskap tuis te bring. Verder moet ons ook onthou om dit baie duidelik te maak, dat die kruisiging van Christus die middel tot ‘n doel is (vergelyk vraag 32). Met ander woorde, jy is nog nie ‘n Christen as jy op ‘n keer gesê het: “ek glo in die kruisiging en opstanding van Christus nie.” Dit is beslis die beginpunt, die fondament, maar daar moet verder op hierdie fondament gebou word, om God se uiteindelike doel met die verlossing te bereik.

      God begeer dat Sy kinders nie noodwendig kinders is wat spesifieke, goeie dinge doen nie, maar Hy verlang na ‘n “tipe mens” – kinders met ‘n *gesindheid* wat honger om soos Christus te wees. Eers dan het die bekeerde mens deur die genadige werking van die Gees, die ewige doel van God bereik:

"…Sien jy dat die geloof saamgewerk het met sy (Abraham) werke en dat *die geloof volkome geword het uit die werke*?" (Jakobus 2:22). Hiermee word natuurlik nie bedoel dat jou goeie werke jou saligheid bepaal nie, maar dat dit "voltooing van die geloof is."

- ✓ Vir vrae aangaande geloofsdade, verwys o.a. na:
  Jak 2

14. Wat is die aard van Christus se koninkryk?

- Dit is 'n geestelike koninkryk, wat in die Gees van God en in sy Woord vervat is en geregtigheid en die lewe te weeg bring.

  - ❖ Die koninkryk van God wat in Christus gekom het, is 'n werklikheid wat gesoek moet word. Die koninkryk van God is iets wat kom tot mense, maar die koninkryk van God is ook iets waartoe mense kom en kan ingaan. Hierdie ryk word ook aan mense gegee, maar kan ook weggeneem word [3].

  - ✓ Vir vrae aangaandie die koninkryk van Christus, verwys o.a. na:
    Matt 5:20; 12:28; 21:43; Mark 9:47; Luk 11:20; 12:32

15. Watter voordeel het sy konkryk vir ons?

- Dit naamlik dat ons deur sy goedertierenheid van ons gewete bevry is om vroom en heilig te lewe, en deur sy geestelike rykdom toegerus is en ook deur sy mag bewapen word. Dit is vir ons genoeg om die ewige vyande van ons siele, naamlik die sonde, ons vlees, die satan en die wêreld te oorwin.

16. Waarom noem ons hom die enigste Seun van God hoewel God ons almal tog ook waardig ag om hierdie naam te dra?

- Omdat ons wel kinders (seuns) van God is. Dit het ons egter nie van nature nie, maar slegs deur aanneming en genade, omdat God ons sekerlik ook in die posisie stel. Maar Jesus Christus wat uit die wese van die Vader voortgebring is, en een in substansie met die Vader is, word met die grootste reg daartoe die enige Seun van God genoem aangesien Hy alleen dit van nature is.

  - ❖ Christus gee aan ons sy naam – ons mag deel hê aan die liefde van die Vader, omdat ons ook, in Christus se naam, as kinders van die Almagtige gereken word.

<u>…wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria</u>

17. Watter betekenis heg ons hieraan?

- Dit naamlik dat Hy in die skoot van 'n maagd uit haar wese geformeer is om waarlik saad van Dawid te wees soos dit deur die profete geprofeteer is.
  Dit het egter sonder die tussenkoms van 'n man deur die wonderlike en verborge krag van die Heilige Gees plaasgevind.

- ❖ Christus moes mens word om ons aandeel in ons verlossing te vervul. Die ewige Seun van God, wat ware en ewige God is en bly, het die ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria deur die werking van die Heilige Gees aangeneem. So is hy tegelykertyd die ware nakomeling van Dawid, in alles aan sy broers gelyk, behalwe die sonde. (Heidelbergse Kategismus Sondag 14).

<u>…wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is</u>

18. Waarom sê ons nie doodeenvoudig dat Hy gesterf het nie, maar voeg ons ook die naam van die goewerneur (Pontius Pilatus), onder wie Hy gely het, by?

- ➢ Ons doen dit, nie net om op die geloofwaardigheid van die geskiedenis te wys nie, maar ook sodat ons mag weet dat sy dood aan sy veroordeling verbonde was. Christus is werklik ter dood veroordeel.

19. Het die feit dat Hy gekruisig is, groter betekenis as wanneer Hy op enige ander manier sou sterf?

- ➢ Ja; soos Paulus ons ook vermaan (Gal 3:13) wanneer hy skryf dat Hy aan die hout gehang is om ons vloek op Hom te dra sodat ons daardeur verlos kon word, want so ‘n soort dood is verdoemenis deur vervloeking.

- ✓ Vir vrae aangaande die kruisiging, verwys o.a. na:
  Deut 21:23; Matt 26-28; Mar 15-16; Luk 23-24; Gal 3:13 en Heidelbergse Kategismus Sondag 15, 16

20. Waarom lyk dit dan asof ons geen voordeel uit sy oorwinning put nie, aangesien ons tog nogsteeds moet doodgaan?

- ➢ Dit vorm vir ons geen struikelblok nie, want die dood is nou vir gelowiges niks anders as ‘n oorgang na ‘n beter lewe nie.

- ❖ Vanselfsprekend word hierdie onderwerp (die afsterwe van ‘n geliefde) baie bespreek wanneer ‘n mens te doen het met persone wat nog nie van Christus gehoor het nie. Die dood is vir ons as Christene ‘n besondere troos, maar nie vir die mense wat nie weet wat daarna gaan gebeur nie. Die dood, kan daarom ‘n baie goeie aanknopingspunt vir gesprek wees.

- ✓ Vir vrae aangaande die dood en die lewe hierna, verwys o.a. na:
  Luk 23:43; Fil 1:21,23; Fil 3:21 en Heidelbergse Kategismus Sondag 17 en 22

21. Waarom is Hy begrawe?

- ➢ Om daarme vir ons die versekering te gee dat Hy werklik gesterf het.

…en neergedaal het na die hel

22. Wat beteken dit dat Hy na die hel neergedaal het?

- Dit beteken dat Hy nie slegs die gewone dood wat die skeiding tussen liggaam en siel is verduur het nie, maar ook soos Petrus dit noem, die doodsmart. Onder die woord verstaan ons die verskriklike benoudheid waarin sy siel gekluister was.

    - Om vir sondaars voldoening te doen, het Hy homself voor die regbank van God gestel, en moes sy gewete deur die benoudheid gefolter word, omdat Hy deur God verlate was – of liewer, omdat God sy vyand was. In so 'n benoudheid was Hy toe Hy uitgeroep het: "My God, my God, waarom het U my verlaat?"

23. Maar, as Hy God is, hoe is dit moontlik dat Hy so 'n geweldige angs kon beleef?

- Ons opvatting daaroor is dat Hy as gevolg van die aard van sy menslike natuur tot so 'n nood gedryf is. In sy Godheid was Hy volkome daartoe in staat om God se toorn te dra en in sy menslikheid het Hy terselfdertyd alle angste van die hel en die pyn van die kruis beleef. (***nota: verskil met Calvyn se kategismus***)

…wat op die derde dag opgestaan het uit die dood

24. Watter nut het die opstanding van Christus vir ons?

- (1) Hy het deur die opstanding die dood oorwin, sodat Hy ons die geregtigheid wat Hy deur sy dood verwerf het, deelagtig kon maak. (2) Ons word ook opgewek in 'n nuwe lewe en (3) die opstanding is vir ons 'n betroubare waarborg van ons salige opstanding.

…opgevaar het na die hemel

25. Waarom het Hy opgevaar na die hemel?

- Nadat alles vervul was wat die Vader aan Hom opgedra het, en alles wat tot ons saligheid bygedra was, was dit nie nodig dat Hy langer op die aarde bly nie.

26. Watter voordeel hou die hemelvaart vir ons in?

- (1) Christus is in die hemel vir ons 'n Voorspraak by die Vader. (2) Hy is ook die waarborg dat ons, net soos Hy, in die hemel sal wees nadat Hy ons tot Hom geneem het. (3) Hy het sy Gees na ons gestuur as waarborg, sodat ons, deur die krag van die Gees, na Christus soek en nie meer na die dinge op aarde nie.

    - Christus het Hom nie van ons onttrek toe Hy na die hemel opgevaar het nie. Hy is steeds saam met ons in die teenwoordigheid van sy Gees. Verwys hier spesifiek na Matteus 28 en Johannes 15:26.

…en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader

27. Watter betekenis heg ons aan die feit dat Hy aan die regterhand van die Vader sit?

- Dat die Vader die gesag oor hemel en aarde aan Christus toegeken het om alles te bestuur.

  - Die beeld wat gebruik word in Mark 16:19, naamlik dat Christus aan die *regterhand* van die Vader gaan *sit* het, is geput uit die ou voorbeeld van vorste wat mense aan hulle regterhand geplaas het om 'n sekere taak uit te voer.
    Onder andere verkry ons hieruit ons begrip van Christus as Hoof oor die kerk, wat bo alle ander konings en vorste verhewe is.

…waarvandaan Hy sal kom om die lewende en die dooies te oordeel

28. Hou dit vir ons enige troos in dat Christus eendag sal kom as regter van die wêreld?

- Ja, dit is vir ons 'n buitengewoon groot troos, omdat ons weet dat Hy net sal kom tot ons saligheid.

29. Wat sal gebeur met die mense wat tydens die wederkoms nog nie dood is nie?

- Paulus bied 'n oplossing vir die vraag wanneer hy leer dat die mense wat dan nog sal lewe, deur 'n skielike verandering hernuwe sal word om die bedorwenheid van hulle vlees tot 'n einde te bring en onbedorwenheid aan te neem (1 Kor 15:51, 52).

  - Hierdie verandering is dus vir hierdie mense net soos die dood, aangesien hulle eerste natuur vernietig word en daar 'n vernuwing plaasvind – die begin van 'n nuwe lewe.

  - ✓ Vir vrae aangaande die oordeelsdag, verwys o.a. na:
    Open 14:6-13; 20:11-15

...ek glo in die Heilige Gees

30. Wat glo ons van die Heilige Gees?

- (1) Hy is saam met die Vader en die Seun ware en ewige God. (2) Hy is ook aan my gegee sodat Hy my deur 'n ware geloof aan Christus en al sy weldade deel laat kry, my troos en ewig by my bly.

31. Hoe maak die Heilige Gees ons deelgenote in die verlossing van Christus?

- Net soos wat ons gereinig word deur die bloed van Christus, so word ons gewetes ook met die Heilige Gees skoon gewas. Dit beteken in besonder, (1) dat die Gees in ons harte die sekerheid van ons verlossing werk. (2) Alleen deur die Gees is daar in ons harte plek vir die aanneming van ons verlossing deur Christus. (3) Die Heilige Gees is die oorsaak van ons wedergeboorte en deur Hom ontvang ons ook die gawes wat in Christus vir ons geskenk word.

- ✓ Vir vrae aangaande die Heilige Gees, verwys o.a. na:
  Gen 1:2; Joh 15:26; 1 Joh 5:7; Hand 5:3,4; 1 Pet. 1:2; 4:14; 1 Kor 6:17

...Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk

- ❖ Eerstens moet ons noem dat daar soms, afhangende van die konteks, onderskeid getref moet word tussen *kerk* en *gemeente. Kerk* bedoel soms die institusionele - die plaaslike bymekaarkoms van gelowiges. Met *gemeente* word die liggaam van Christus (die uitverkorenes) regoor die wêreld bedoel.

  Dit is duidelik dat die geloofsbelydenis met "die heilige, *algemene,* Christelike kerk" die wêreldwye (ekumeniese) vergadering van uitverkorenes bedoel.

32. Wat is die kerk?
- ➢ (verwys na bostaande paragraaf). Dit is die liggaam en gemeenskap van gelowiges, wat God vir die ewige lewe bestem het.

- ❖ Heidelbergse Kategismus Sondag 21:
  Ons glo dat die Seun van God uit die *hele menslike geslag* vir Hom 'n *gemeente* wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly.

33. Is hierdie onderwerp noodsaaklik vir ons geloof?
- ➢ Beslis ja. *Die vrug van die verlossing is die kerk.* Dit wil sê, dit is die doel wat God wil bereik met Christus se verlossing (vergelyk vraag 13 se kommentaar).

34. In watter sin noem ons die kerk heilig?
- ➢ Christus het die kerk (die uitverkorenes) losgekoop en geheilig, sodat dit rein en sonder enige smet mag wees.

...(ek glo aan) die gemeenskap van die heiliges

35. Wat is die gemeenskap van die heiliges?
- ➢ Dit is die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, wat as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het.

36. Word daar ook iets van my ge-eis, indien ek deel is van hierdie gemeenskap?
- ➢ Ja, elkeen van ons is verplig om ons gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend.

...(ek glo aan) die vergewing van sondes

37. Wat glo ons onder die vergewing van sondes?

- God het uit vrye barmhartigheid die gelowiges se sondes vergewe en kwytgeskeld, sodat ons nie daarvoor tot verantwoording geroep of gestraf word nie.

    - Heidelbergse Kategismus Sondag 21:
      God wil, op grond van die voldoening van Christus, aan al my sondes en ook my sondige aard waarteen ek my hele lewe lank moet stry, nooit meer dink nie. Uit genade wil Hy aan my die geregtigheid van Christus skenk, sodat ek nooit in die strafgerig van God sal kom nie.

38. Waarom verbind ons die vergewing van sondes aan die kerk? (LW: verwys weer na die definisie van *kerk* en *gemeente!* In hierdie vraag verwys ons spesifiek na die gemeente – die liggaam van Christus).

- Wanneer iemand uitverkore is om deur die loop van sy lewe tot geloof geroep te word deur die Gees, word hy vanselfsprekend deel van die liggaam van Christus, of hy nou deel is van 'n plaaslike kerk of nie. Dit beteken, dat as enigiemand nie deel is van die liggaam van Christus nie, is hy nie deur Christus verlos nie en daarom ontvang hy nie die besondere genade van vergewing in Christus nie. (***nota: hierdie paragraaf moet dalk deegliker uiteengesit***)

    - Ons bely dus dat daar buite (die liggaam van) Christus geen verlossing is nie maar *nie* dat daar buite die plaaslike kerk geen verlossing is nie.

...(ek glo aan) die opstanding van die liggaam

39. Watter troos bied die opstanding vir ons as gelowiges?

- (1) Nie net my siel sal na hierdie lewe tot Christus opgeneem word nie, maar (2) ook hierdie selfde liggaam van my wat deur die krag van Christus opgewek is.

40. Hoe sal ons liggame lyk?

- Ons glo dat jou siel met jou verheerlikte liggaam verenig sal word en aan die heerlike liggaam van Christus *gelykvormig* sal word.

    - Let wel, ons liggaam gaan *gelykvormig* wees aan die van Christus. Dit beteken nie dat ons presies soos Hy gaan lyk nie. Die uniekheid van jou liggaam wat jy in hierdie lewe besit, sal jy ook behou in die volgende – sonder enige gebreke.

41. Sal daar verskillende opstandings wees, aangesien nie almal op dieselfde tyd sterf nie?

- Nee. Die mense wat vooraf te sterwe kom, sal hul eie, verheerlikte, liggame terugontvang. Die mense wat tydens die opstanding nog lewe, sal God in 'n oogwink wonderbaarlik opwek tot die nuwe lewe met nuwe liggame.

- ✓ Vir vrae aangaande die opstanding, verwys o.a. na:
  Luk 16:22; 23:43; Filp 1:21; Job 19:25; 1 Joh 3:2

...en (ek glo aan) 'n ewige lewe

42. Waarom word hier gepraat van die ewige lewe, maar nie die ewige verdoemenis nie?
- ➢ Omdat hierby niks anders betrek word as dit wat die gelowiges kan vertroos nie. Hier word slegs die beloning aan die Here se knegte vermeld.

43. Watter troos skep ons uit hierdie gedeelte van die belydenis?
- ➢ Dat, aangesien ek nou alreeds die begin van die ewige vreugde in my hart ervaar, ek na hierdie lewe volkome saligheid sal besit – 'n saligheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens ooit opgekom het nie – om God ewig daarin te prys.

  - ❖ Die beloning van ons geloof in Christus is natuurlik die grootste en enigste volhoubare troos wat ons in hierdie lewe besit. Ons verkondig ook hierdie troos met hart en hand op die uitreike. Ons mag egter nie net bly by die troos nie, maar moet die eise wat Christus stel ook baie duidelik maak. Die beloning van ons geloof is die ewige lewe en ons moet dit ook in daardie volgorde verkondig. (1) Ons moet eers Christus volg, (2) want Hy lei ons tot ons eindbestemming (ewige lewe).

--

44. Maar wat baat dit ons dat ons dit glo?
- ➢ Dat ons in Christus voor God geregverdig en ''n erfgenaam van die ewige lewe is**.**

  - ✓ Vir vrae aangaande die geloof en regverdigmaking, verwys o.a. na:
    Hab 2:4; Rom 1:17; Joh 3:36 en Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 37, Heidelbergse Kategismus Sondag 23

-o0o-

DIE EVANGELIE IN 'N NEUTEDOP

Die evangelie is nie net iets wat geglo moet word nie, dit moet verstaan word sodat dit geglo kan word. Ons geloof het 'n inhoud! Die wonderlike van die evangelie se inhoud is dat dit die waarheid is en dat dit logies en verstaanbaar is.

Die evangelie kan aan mense verkondig word, want dis waar! Dit kan aan mense verduidelik word, want dis logies! Die evangelie maak sin! Daarom kan 'n mens ook leer hoe om die evangelie vir ander mense te verduidelik.

1. DIE EVANGELIE IS DIE WAARHEID

Om die evangelie aan mense te verduidelik moet jy besef dat die evangelie 'n paar goed vir ons wil leer nl. Wie God is, wie ons is, hoe God wil hê ons moet wees, wat moet gebeur dat ons weer in verhouding met God kan lewe, wat het gebeur dat ons weer in vrede met God kan lewe.

Die evangelie is dus geskiedenis, iets wat gebeur het met die koms van Christus na die aarde, maar ook dinge wat baie lank terug gebeur het, voor en tydens die sondeval. Dis ook die verkondiging van die realiteit, van die ware stand van sake. Die evangelie is die manier waarop God mense uit die mag van die leuen wil bevry en hulle weer kinders van die lig maak. Hy wil hulle deur die krag van die Gees met die waarheid aan Hom bind. Jy verkondig dus nie jou opinie of idee of standpunt of religieuse oortuiging nie. **Jy verkondig die waarheid! Die waarheid is 'n Persoon – Jesus Christus! Hy maak mense vry om God weer te dien!**

2. HOEKOM MOET JY DIE EVANGELIE VERKONDIG?

Dink bietjie mooi na: waarom wil jy die evangelie verkondig? Dis die waarheid en daarom kan jy dit verkondig, maar waarom wil jy?

'n Mens kan verskeie redes noem:

- sodat mense tot geloof kan kom
- sodat mense die ewige lewe kan hê
- sodat mense God weer kan dien
- sodat mense bevry kan word uit die mag van die Bose
- sodat die getal van die uitverkorenes vol kan word
- sodat Christus se wederkoms kan plaasvind
- sodat God verheerlik kan word

Daar is ook die redes wat dalk makliker verwoord kan word met 'n omdat:

- omdat God dit van my verwag
- omdat ek die blydskap van die geloof ervaar
- omdat ek ook treur oor 'n mensdom wat verlore gaan
- omdat God nie sonder sy kinders wil wees nie
- omdat God se liefde vir my so groot is
- omdat ek dankbaar is

Al bogenoemde redes is waar en elke gelowige moet dit vir homself/haarself vasmaak. Ons moet net een ding altyd mooi in gedagte hou as ons oor al hierdie redes nadink: Die Here het my nie nodig nie! Hy kan die klippe gebruik as Hy wil, maar nou wil Hy vir jou gebruik.

Die groot genade is dat God ons waardig ag om die evangelie te verkondig. Hy wil ons werklik gebruik al is Hy die Almagtige.

God is die Een wat my stuur en God is die Een wat in en deur my werk. Ek word gestuur en gebruik en bekragtig! Christus is die Een wat op my beslag lê om Hom aan die wêreld te verkondig.

Dan besef ek waarom ek sending doen: dis God wat my stuur. Om die evangelie te verkondig is 'n diep persoonlike gehoorsaamheid en liefde vir die Here. Christus is die Een wat my kom haal het om Hom lief te hê en my nou weer stuur om van Hom te praat. As Hy my stuur dan antwoord ek soos Jesaja: hier is ek stuur my (Jes. 6:8). Wat maak jy op die sendingvelde van die lewe? God het jou gestuur!

3. WAT DIE EVANGELIE NIE IS NIE

Die Here stuur my nie eerstens om sosiale opheffingswerk te gaan doen nie. Alhoewel die verkondiging van die evangelie nooit losgemaak kan word van die bediening van Christus se liefde nie, is die grootste geskenk wat jy aan iemand kan uitdeel nie kos of klere of medisyne of geld nie, maar die evangelie wat nooit ooit kan vergaan nie.

Moet nooit die wonder van die evangelie probeer aanhelp of beter maak deur iets by die evangelie te voeg nie. Fokus totaal op die verkondiging en toerusting van mense met die Woord. Mense moet in Christus glo en Hom leer ken en dit kan net gebeur wanneer hulle die Woord hoor (Rom. 10:17). So werk die Gees van God, deur die dwaasheid van die prediking (1 Kor. 1:21).

Die uitdeel van goed en hulp met kos en klere is nie bedoel om mense tot bekering te laat kom nie, ons doen dit want die liefde van Christus bring ons daartoe. Ons kan mos nie sien hoedat mense swaarkry as ons genoeg het nie. Die punt is: ons vang mense nie op 'n slim manier om die evangelie te glo nie, ons gee omdat ons self reeds die evangelie glo.

Moet mense dus nooit probeer oorreed om te glo nie, anders gaan jy die evangelie benadeel. Jy word deur God gestuur met die troos dat jy getuig van die waarheid en Hy sal oortuig van die waarheid. Christus sal Homself aan mense bekend maak soos Hy dit goed dink, waar sy evangelie gehoor word. Ons plant en maak nat, Hy laat groei (1Kor 3:6).

4. WAT MOET EK VERKONDIG?

Jy kan die evangelie-gesprek op baie maniere aanknoop. Jy kan begin deur te praat oor ons sekerheid van die ewige lewe, deur te vra: wat is die boodskap van die Bybel, die Skepping, God se doel met 'n mens se lewe, swaarkry in 'n mens se lewe. Dan is die volgende 5 punte slegs 'n riglyn, nie 'n metode of 'n resep nie. Die volgende 5 punte is dus nodig om die evangelie vir iemand te verduidelik, maar dit kan op verskillende maniere ingeklee en oorgedra word.

4.1 God is regverdig

Die woord evangelie beteken die goeie nuus. Waarom goeie nuus? Omdat daar eers die slegte nuus was: jy sal sekerlik sterwe (Gen. 2:17).

- Die evangelie is goeie nuus omdat daar geen uitkom kans was nie. Dis goeie nuus omdat nuus aanvanklik so sleg was: almal, almal verdien die hel en gaan ook hel toe oor hulle sonde. Voordat iemand dit nie besef nie, sal die evangelie nooit werklik goeie nuus wees nie. Om dit vir mense te verduidelik moet ons begin by God wat regverdig is.
- God is 'n regverdig Regter wat alle sonde wil straf, want Hy haat die kwaad. God kan nie een enkele stukkie kwaad verdra nie, want Hy is volkome goed. Elke sonde wat gedoen word staan lynreg in stryd met wie God is. Hy vergeet ook nie die kwaad nie. Elke sonde wat al ooit gedoen is staan duidelik voor Hom en daarom wil Hy ook elke sonde straf. Omdat Hy regverdig is gaan Hy ook elke sonde straf (Nah. 1:2,3; Eks 34:6,7).
- Die mens se probleem is dat ons niks kan doen om ons sonde weg te vat nie. Al sê die beskuldigde hoeveel keer vir die regter dat hy jammer is oor sy oortredings, al het hy hoeveel bewys van sy berou, kan die regter die beskuldigde nie vryspreek nie. Hoekom nie? Reg en geregtigheid moet geskied.
- Ons kan hoeveel goeie dinge probeer doen, ons kan hoe gereeld ons Bybels lees, bid, kerk toe gaan, vra dat God ons vergewe, dit kan nie ons sonde wegvat nie. Niks, maar niks wat ons doen, kan ons sonde wegvat nie. God is regverdig en eis dat die sonde betaal moet word (Ps. 5:5-7)

Sondag 4 van die Kategismus vra: maar is God dan nie barmhartig nie? Die antwoord kom daarop neer dat God wel barmhartig is, maar dat Hy ook regverdig is en dat sy geregtigheid eis dat elke sonde gestraf moet word. Die eerste en belangrike punt wat ons moet verstaan is dat God werklik regverdig is en dat hy daarom elke liewe sonde wil straf. Hy verskoon nie en Hy sien die sonde nie oor nie.

4.2 Ons is die dood skuldig

Elke mens wat lewe is dus die dood skuldig, elke mens wat lewe oortree God se wet. Alle mense is deurtrek van die sonde en daarom staan alle mense skuldig voor God (Rom. 3:12-18). Hoe weet ons dit?

- Deur die wet van God (Rom. 3:20). Die Here se wet leer ons hoe groot ons sonde werklik is. Baie mense het 'n natuurlike aanvoeling dat dinge verkeerd is, maar dis nog nie die volle prentjie nie. Sonde is eerstens sonde omdat dit 'n oortreding is teen die Skepper en sy wil. Die Een wat ons geskep het se wil is volkome goed en reg. Wanneer ons daarteen in opstand kom is dit verkeerd en sleg. Dan is dit boos en sondig.
- Sonde is nie net om iemand fisies te vermoor nie of geld te steel nie. Sonde is om God nie lief te hê nie, om jou naaste nie lief te hê nie. Dit doen ons op baie maniere. Deur die Here se Naam te misbruik, deur te luister as mense dit doen, deur ander dinge in my lewe net so belangrik of belangriker as God te maak, deur nie te bid of sy Woord te lees nie. Of wanneer ek van mense skinder of hulle sleg behandel of vloek ens.

- Dis alles sondes teen God wat Hy wil straf, Hy kan dit nie verdra as mense kwaad doen nie, want Hy is volkome goed. Hieraan is elke mens skuldig. Daarom moet elke mens gestraf word vir hulle sonde. Hoe wil God dit doen? Hy doen dit deur die dood. Die dood van jou liggaam en siel. Die dood van die mens se liggaam is al die bewys van God se straf wat volkome gaan wees wanneer Hy alle sondaars in die hel gaan gooi.
- Ons is so sondig dat ons niks kan aanbied as 'n offer vir ons sondes nie. Ook nie ons berou of skuldbelydenis kan 'n offer wees vir ons sondes nie.

Nou dat ons weet dat ons niks kan doen om onsself te bevry van God se straf nie moet ons op 'n ander plek redding soek. Ons kan onsself nie los praat voor God nie (Rom. 3:20). Watter kans het ons dan om gered te word?

4.3 Net Een kan vir ons sondes betaal

God wil hê dat ons sondes betaal moet word.

- Ons bely in Sondag 5 en 6 dat die enigste een wat vir ons sondes kan betaal 'n mens moet wees, want die mens het gesondig. Maar geen mens kan ons sondes op Hom neem en dit dra nie, al is hy sondeloos, want niemand kan God se toorn dra nie. Daarom moet die een wat vir ons sondes betaal 'n mens wees wat sonder sonde is, maar Hy moet ook God wees wat God se toorn kan dra.
- Daarom het God ons so lief gehad dat Hy sy Seun gestuur het om mens te word sodat Hy ons sondes op Hom kan neem, maar Hy is ook ware God dat Hy God se toorn kan dra. God het Hom sonde vir ons gemaak, sodat ons bevry kon word (2 Kor. 5:21). Ons sonde word weggewas met sy bloed en so word ons losgekoop uit die mag van die Satan.
- Aan die kruis dra Christus die toorn van God oor die sonde. Christus ly nie net liggaamlik nie, Hy ly met sy hele wese vir ons sonde in ons plek. God straf ons sonde aan Hom. Christus betaal dus ons sonde. Hy vat ons sonde weg sodat ons nie net God se straf vryspring nie, maar dat ons God weer kan ken.

Christus vat ons sonde weg sodat ons weer in die regte verhouding met God kan staan. Hy vat ons sonde weg sodat ons weer God se kinders kan wees. Die evangelie is dus baie meer as net die straf wat weggevat word, ons word die ewige lewe gegee! Dit beteken die lewe saam met God vir ewig en ewig (Joh. 17:3)!

4.4 Hoe word dit myne?

God het alles in Christus vir ons gedoen, maar Hy vereis van ons wel een ding: om dit te glo. Ons kan net gered word deur die geloof in Christus (Ef. 2:8-10).

- Waarom moet ons dit glo? Die Bybel leer ons dat dit die manier is waarop ons wat Christus gedoen het ons eie maak. As ek glo dan word ek aan Christus gebind en dan geld sy werk ook vir my. Ons is saam met Christus gekruisig en leef deur die geloof saam met Hom (Gal 2:20).
- Om te glo beteken dat ek wat in die Bybel staan aanvaar as die waarheid. Dit begin daarby dat ek ook aanvaar wat Christus gedoen het die waarheid is. Hy het betaal vir die sondes. Hy het God se straf oor die sonde op Hom geneem.
- Maar geloof beteken ook 'n vaste vertroue dat Christus dit ook vir my gedoen het. Christus het nie net vir ander mense se sondes gesterf nie, maar ek glo dat Hy ook

vir myne gesterf het. 'n Ware geloof is om te glo dat nie een van my sondes te groot is vir Christus nie. Ek staan voor God met die werk van Christus (Fil. 3:8,9).

- 'n Ware geloof aanvaar dat dit nou nie net meer ander mense is wat God se kinders is nie, maar ek is ook God se kind. 'n Ware geloof is ook diep persoonlik. **Nie net vir ander nie, maar ook vir MY!** Die Skepper van hemel en aarde voor Wie ek skuldig gestaan het, is nou ook my Vader wat my vir ewig en ewig by Hom wil hê. Ook ek is vry van die sonde en die heerskappy van Satan.

Deur die geloof is ek dus seker van die ewige lewe (1 Joh. 5:12,13). Deur die geloof kan ek weet dat ek God se kind is en dat al my sondes vergewe is.

4.5 Groei

Geloof is 'n verhouding. Dit begin by die aanvaarding dat my sondes vergewe is, maar dit gaan ook verder as dit. Christus het gesorg dat ek in 'n verhouding met God kan staan, nou moet ek in daardie verhouding groei. Hoe gebeur dit?

- Deur jou sonde voor God te bely en dit aan Hom oor te gee.
- Deur te erken dat Christus ook jou Verlosser is.
- Deur deel te word van die Here se liggaam, die kerk.
- Deur gereeld kerk toe te gaan en die Here te aanbid.
- Deur gereeld my Bybel te lees en die Bybel te ondersoek.
- Deur gereeld te bid vir myself en ander mense en bowenal om die Here te loof en te dank in my gebede.
- Deur teen die sonde te stry en bedag te wees op die Satan se aanvalle.
- Deur self die evangelie aan ander mense te verkondig.

5. GEEN GROTER VOORREG NIE!

Om hierdie goeie boodskap te verkondig is die grootste voorreg wat daar kan wees! Jy sien hoedat God besig is om sy stad te bou. Hy bevry mense uit die mag van Satan en maak hulle deel van sy ewigheidswerk. Hy berei die bruid voor vir die koms van die Bruidegom. Deur jou doen Hy dit. Jy mag dit beleef – wat 'n voorreg is dit nie. Jy is deel van God se ewigheidswerk. Daarom hoef jy nie bang te wees nie, want al werk jy is dit God wat in jou en deur jou werk en Hy maak nooit foute nie!

Vir enige kommentaar/byvoegings, kontak:

Marnix Boersema

e-pos: marnix.boersema@gmail.com

22145079@nwu.ac.za

Desember 2012

BRONNE

[1] BERKHOF, L. & VAN TIL, C. 1990. Foundations of Christian Education.132 p.

[2] Verwerking van:

- Heidelbergse Kategismus
- Nederlandse Geloofsbelydenis
- SIMPSON, H.W. 1981. Calvyn se Kategismus. 69 p.

[3] FLOOR, L. 1981. Die Evangelie van die Koninkryk. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.